# Lesing 1 - 7 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

### Joël 2 (JôWEL = JaHH is EL)

23 En julle, **kinders van Sion**, juig en wees bly in JaHWeH julle Elohey, want Hy gee julle die **Leraar** tot Geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, **die Leraar en die laat reëns**, soos voorheen. [Maleági 3:1]
24 Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van vars wyn en olie oorloop.

### Die Nuwe Leer van Liefde daal neer in die Bruid se harte

***Openbaring 21:2*** *En ek, JeHôWganan, het die Stad van Apartheid, die* ***nuwe Jerusalem****, sien* ***neerdaal*** *van Elohim uit die Hemele, toeberei soos 'n Bruid wat vir Haar Man versier is. [Boekrol van Henog 53:6]*

*Rev 21:3 En ek het 'n groot Stem uit die Hemele hoor sê: Kyk, die* ***Tabernakel van Elohim*** *is by die adamiete, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk wees; en die Elohim self sal by hulle wees as hulle Elohim.*

25 En Ek sal julle vergoed die jare wat die **treksprinkaan, die jong sprinkaan, die kommando-wurm en die sprinkaan** verslind het - **My groot Leërmag** wat Ek teen julle gestuur het. [Boekrol van die Opregte 80:33; JôWEl 1:4]
26 Dan sal julle oorvloedig eet en **versadig wees** en die Naam van JaHWeH julle Elohey prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en **My volk** sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.
27 En julle sal weet dat **Ek in die midde van JisraEl is**, Ek - JaHWeH julle Elohey, en niemand anders nie; en My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.
28 En **daarna** sal Ek **My Gees uitgiet** op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle oues drome droom, julle jongelinge visioene sien. [JeségiEl 13:11-13; MattithJaHûW 16:3]
29 En **ook** op die **diensknegte** en op die **diensmaagde** sal Ek in dié dae My Gees uitgiet. [JeségiEl 24:27]
30 En Ek sal wondertekens gee aan die Hemele en op die Aarde: bloed en vuur en pilare van rook.
31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van JaHWeH kom.
32 En elkeen wat die Naam van JaHWeH aanroep, sal gered word; **want op die Berg van Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees** soos JaHWeH gesê het, **en onder die oorblyfsel** van die wat JaHWeH sal roep.

### Openbaring 1 ontvang op 22 Julie 2018

"Skryf MY kneg, my kind! Skryf met haas en gehoorsaamheid! EK rig MY Woorde na julle, MY skape! Luister o **Huis van Juda**! Open jou ore en rig jou hart na jou Herder, o **Dogter van Sion**!

**EK het MY Klipwiel in jou opgerig en 'n Ewige Verbond was gesluit**. Hierdie Klipwiel het begin draai en jy het begin reis, weg vanaf die besoedeling en terug na MY. Maar, jy o Geliefde in MY, Geliefde Volk van JaHshua, jy moet die Geestelike Groot Trek inspan en **uitrys bo die draak**! MY Klipwiel moet momentum opbou in jou. EK het van ewigheid af verlang dat julle, o kinders van julle VADER, en EK verlang steeds dat julle jul harte van klip moet uithaal en vir MY offer, in ruil vir 'n **hart van Liefde en Waarheid wat met MY Gees berei word**. Gee oor aan MY en steun op MY Leiding, al die dae van tye! Die Klipwiel Gelofte aan MY gaan gepaard met **uiterlike simboliese fisiese daad**, maar, dit bly nie daar nie! MY Gees deurtrek alles en almal en **EK IS GEES**! Hierdie Gelofte moet **elke dag in jou hart, saam jou naaste, gedoen en afgelê word** in MY teenwoordigheid. Jy moet elke dag jou hart van klip vir MY gee en toelaat dat EK jou hart berei en jou aarde saam met jou bewerk deur MY Liefdesgees! Hierdie Gelofte is totaal en al 'n **volkome Geestelike saak** tussen MY en jou, MY Volk. EK verlang dat jy dit so hou en dat jy **altyd 'n geestelike fokus sal hê** om MY te vind waar ookal jy gaan.

EK het vir jou 'n Seën gegee, MY Volk. Hierdie Seën is vir jou baie kragtig deur MY Gees gegee. MY Dogter, EK bring groot onmeetbare Voeding vir julle en andere van MY knegte en boodskappers. Hierdie **Voeding is vir julle siele** van uiterste belang in hierdie aand, wat amper diep in die nag vorder. **MY Openbarings, Lering en Boodskappe moet uitgedra word na MY kinders** wat steeds in die kloue van die draak gekluister is. Versterk mekaar met 1) **MY Brood van die Hemele** en 2) **pas MY Liefde toe in elke gedagte en daad**. MY Opdrag aan jou, MY Dogter, jy moet MY Seën graveer en plaas voorop elke boek, bundel, gedig en skryfwerk wat deur MY Verorden en goedgekeur is. MY Brood is suiwer en smaaklik, **dit bring nuwe lewe in jou en ontwaak jou siel in MY Waarheid en Liefde**. EK wil jou terugkry by MY, by jou VADER se Huis. Gehoorsaam dan MY Gebod uit jou vrye wil: Wees lief vir MY en jou naaste. Soek MY eerste en jy sal Vryheid vind en jou siel sal volkome verenig met **MY, jou MAN**!

EK die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin MY Brood nou breek."